

DEPARTMENT OF TRADITIONAL AFFAIRS**NOTICE 1207 OF 2022****INVITATION TO NOMINATE PERSONS TO BE CONSIDERED AS MEMBER OF COMMISSION ON KHOI-SAN MATTERS**

In terms of section 52(1)(a) of the Traditional and Khoi-San Leadership Act, 2019 (Act No. 3 of 2019) the public is hereby invited to nominate persons who may be considered for appointment as a member of the Commission on Khoi-San Matters.

Kindly refer to the more comprehensive invitation attached to this notice.

Please note that the closing date and time for nominations to be submitted is Friday, 16 September 2022, at 12:00.



MINISTRY
COOPERATIVE GOVERNANCE AND TRADITIONAL AFFAIRS
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

INVITATION TO NOMINATE PERSONS TO BE CONSIDERED AS MEMBER OF THE COMMISSION ON KHOI-SAN MATTERS

The Minister for Cooperative Governance and Traditional Affairs, in accordance with section 52(1)(a) of the Traditional and Khoi-San Leadership Act, 2019 (Act No. 3 of 2019) (the Act), hereby invites the public to nominate persons who may be considered for appointment as a member of the Commission on Khoi-San Matters.

Section 51 of the Act provides for the establishment of the Commission on Khoi-San Matters (Commission). The main purpose of this Commission is to assist government with the recognition process of Khoi-San communities and leaders. The Commission must investigate applications for recognition of Khoi-San communities and leaders, and make recommendations in this regard to the national Minister responsible for traditional and Khoi-San leadership.

The Commission was established with effect from 1 September 2021 for a period of five years. The Commission currently consists of a chairperson, deputy chairperson and two other members. To enhance the capacity of the Commission, it is the intention to appoint one additional member. This member will serve on a full-time basis for the remainder of the term of the Commission, subject to a decision of the Minister.

Members of the Commission must be South African citizens and must collectively represent a pool of knowledge concerning issues relevant to Khoi-San groupings. Section 52(1)(b) of the Act furthermore requires of the members of the Commission to have qualifications or experience in, or knowledge appropriate to, —

- (a) anthropology;
- (b) the history relating to the Khoi-San;
- (c) the customary law and customs and the institutions of Khoi-San leadership; or
- (d) the law.

Fluency in Afrikaans will be an added advantage.

Kindly note that nominations must include the following: —

- (a) A completed nomination form. The form can be requested from RinaldiB@cogta.gov.za; TrishaR@cogta.gov.za; or Danie@cogta.gov.za or can be obtained from Ms Lorato Motlhala (Office 211E), Pencardia 1, 509 Pretorius Street, Arcadia, Pretoria.
- (b) A comprehensive *Curriculum Vitae* of the nominee.
- (c) A detailed indication (accompanied by evidence) of how such nominee meets the requirements of section 52(1)(b) of the Act.
- (d) A signed letter of acceptance by the nominee. (Before accepting a nomination, nominees are advised to familiarise themselves with the content of the Act, in particular those provisions relating to the recognition of Khoi-San communities and leaders, and the provisions relating to the Commission.)
- (e) A clear indication of whether the nominee is eligible for possible recognition as a Khoi-San leader or is a member of a community which may apply for possible recognition as a Khoi-San community. It should be noted that no such person may serve on the Commission.

Members of the Commission are appointed in their own right and not as representatives of specific Khoi-San groupings, communities, organisations or constituents.

The closing date and time for nominations to be submitted is Friday, 16 September 2022, at 12:00.

All nominations must be accompanied by the required documentation. Kindly note that incomplete or late nominations will not be considered.

Nominations must be e-mailed to LoratoM@cogta.gov.za, or must be delivered by hand to Ms Lorato Motlhala (Office 211E), Pencardia 1, 509 Pretorius Street, Arcadia, Pretoria.

Once the appointment process has been completed, the name of the member will be published in the Government *Gazette*.



MINISTRY
COOPERATIVE GOVERNANCE AND TRADITIONAL AFFAIRS
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

UITNODIGING OM PERSONE TE NOMINEER VIR OORWEGING AS LID VAN DIE KOMMISSIE OOR KHOI-SAN AANGELEENTHEDE

Ingevolge artikel 52(1)(a) van die Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap, 2019 (Wet No. 3 van 2019) (die Wet), nooi die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede hiermee die publiek uit om persone te nomineer wat oorweeg kan word vir aanstelling as 'n lid van die Kommissie oor Khoi-San Aangeleenthede.

Artikel 51 van die Wet maak voorsiening vir die instelling van die Kommissie oor Khoi-San Aangeleenthede (Kommissie). Die hoofdoel van hierdie Kommissie is om die regering by te staan met die erkenningsproses van Khoi-San gemeenskappe en leiers. Die Kommissie moet aansoeke vir erkenning van Khoi-San gemeenskappe en leiers ondersoek, en aanbevelings ten opsigte hiervan maak aan die nasionale Minister verantwoordelik vir tradisionele en Khoi-San leierskap.

Die Kommissie is met ingang van 1 September 2021 ingestel vir 'n tydperk van vyf jaar. Die Kommissie bestaan tans uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en twee ander lede. Ten einde die kapasiteit van die Kommissie te versterk, word dit beoog om een addisionele lid aan te stel. Hierdie lid sal op 'n voltydse basis dien vir die oorblywende termyn van die Kommissie, onderhewig aan 'n besluit van die Minister in hierdie verband.

Lede van die Kommissie moet Suid-Afrikaanse burgers wees en moet gesamentlik oor kennis en kundigheid beskik ten opsigte van aangeleenthede wat op die Khoi-San groeperings van toepassing is. Artikel 52(1)(b) van die Wet vereis verder dat die lede van die Kommissie kwalifikasies, ervaring in of kennis moet hê van—

- (a) antropologie;
- (b) die geskiedenis van die Khoi-San;
- (c) die gewoontereg en gebruike van die Khoi-San en instellings van Khoi-San leierskap; of
- (d) die reg.

Vlotheid in Afrikaans sal 'n addisionele voordeel wees.

Neem asseblief kennis dat nominasies die volgende moet insluit: —

- (a) 'n Voltooide nominasievorm. Hierdie vorm kan versoek word van RinaldiB@cogta.gov.za; TrishaR@cogta.gov.za; of Danie@cogta.gov.za of kan afgehaal word by Me Lorato Motlhala (Kantoor 211E), Pencardia 1, Pretoriusstraat 509, Arcadia, Pretoria.
- (b) 'n Volledige *Curriculum Vitae* van die genomineerde.
- (c) 'n Gedetailleerde aanduiding (tesame met gepaste bewyse) van hoe die genomineerde aan die vereistes van artikel 52(1)(b) van die Wet voldoen.
- (d) 'n Brief van aanvaarding onderteken deur die genomineerde. (Genomineerdes word aangeraai om, alvorens hulle 'n nominasie aanvaar, hulself te vergewis van die inhoud van die Wet, veral die bepalings wat betrekking het op die erkenning van Khoi-San gemeenskappe en leiers, asook die bepalings wat van toepassing is op die Kommissie).
- (e) 'n Duidelike aanduiding of die betrokke genomineerde self in aanmerking kan kom vir erkenning as 'n Khoi-San leier of 'n lid is van 'n gemeenskap wat moontlik aansoek kan doen vir erkenning as 'n Khoi-San gemeenskap. Neem asseblief kennis dat sodanige persoon nie 'n lid van die Kommissie kan wees nie.

Lede van die Kommissie word in eie reg aangestel en nie as verteenwoordigers van spesifieke Khoi-San groeperings, gemeenskappe, organisasies of lede nie.

Die sluitingsdatum en tyd vir die indiening van nominasies is Vrydag, 16 September 2022, om 12:00.

Alle nominasies moet deur die vereiste dokumentasie vergesel wees. Neem asseblief kennis dat onvolledige of laat nominasies nie oorweeg sal word nie.

Nominasies moet per e-pos gestuur word aan LoratoM@cogta.gov.za, of kan per hand afgelewer word by Me Lorato Motlhala (Kantoor 211E), Pencardia 1, Pretoriusstraat 509, Arcadia, Pretoria.

Sodra die aanstellingsproses afgehandel is, sal die naam van die lid in die *Staatskoerant* gepubliseer word.